**Donderdag 17 November**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:14-26**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:22**

## Die hart van die mens – Vlug weg en jaag na!

Wanneer ’n mens jonk en vol lewenslus is, dan is daar allerhande dinge wat jou brand – avontuur, rykdom, roem. Vir die jong man is daar sy jagtersinstink wat hom dryf na alle uiterstes – veral as daar ’n jong, mooi bokkie in sy gesigveld verskyn – van die soort wat ’n rok dra. Dan begin sy begeertes hom te brand. Dikwels raak ’n jong vrou se hormone ook totaal deurmekaar as die held in haar lewe mooi en sterk en begeerlik is.

Timoteus was ’n jong man in sy laat dertigs toe Paulus hierdie brief aan hom skryf. “Vermy die begeertes wat vir ’n jongmens gevaar bring”, skryf Paulus. Eintlik staan daar letterlik: “Vlug weg van begeertes.”

Paulus se waarskuwing aan Timoteus is egter nie net negatief nie – daar is ook ’n positiewe deel: “Streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit ’n rein hart die HERE aanroep.” Die woordjie “streef” kan ook vertaal word met “jaag”. Vlug weg van jou begeertes en jaag die goeie na!

’n Rein hart onder die beheer van God se Gees vlug weg van die sonde en beywer hom vir die dinge van die HERE. “Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy” (2 Kor. 7:1).

’n Rein hart is ’n hart wat die begeertes wat ’n jongmens in gevaar bring, ten alle koste vermy en na opregtheid, geloof, liefde en vrede jaag. Hoe meer ’n mens laasgenoemde najaag, hoe minder kan verkeerde begeertes ’n vatkans op jou lewe kry. Vermy dus die begeertes wat ’n jongmens in gevaar bring!

*Sing: Psalm 119-1:4*

*Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*